Die Hoër Tegnologiese Skool
**John Vorster**

# SELFOONBELEID

## SELFOONBELEID

INHOUD


1. **TITEL VAN DIE BELEID:** ........ 3
2. **DATUM VAN INWERKTREDING:** ........ 3
3. **GESKIEDKUNDIGE OORSIG** ........ 3
4. **INLEIDING** ........ 3
5 **DOEL VAN DIE BELEID** ........ 3
6 **DEFINISIES EN AFKORTINGS** ........ 4
7. **TOEPASSING EN OMVANG VAN DIE BELEID** ........ 5
8. **WETGEWENDE RAAMWERK** ........ 5
9. **RELEVANTE BELEIDE EN PROVINSIALE OMSENDBRIEWE** ........ 5
10. **RELEVANTE INTERNE BELEIDE EN OMSENDBRIEWE** ........ 5
11. **BELEIDSVERKLARING** ........ 10
12. **KORT TITEL:** ........ 10
13. **GOEDKEURING** ........ 10

**1. TITEL VAN DIE BELEID:** Die Selfoonbeleid van Die Hoër Tegnologiese Skool John Vorster

**2. DATUM VAN INWERKTREDING:** 01 Januarie 2025

**3. GESKIEDKUNDIGE OORSIG**

| **Eerste inwerktreding** |
|---|
| 01 Januarie 2025 |
| **Soos aangepas op:** |
| **a)** - |
| |
| **Datum van volgende hersiening:** |
| a) 26 Maart 2025 |
| |

**4. INLEIDING**

Selfone en soortgelyke elektroniese toestelle is nie net kenmerkend van die moderne era nie, maar vorm ook 'n onherroeplike deel van ons lewens as ouers, leerders en skoolpersoneel.

Dit het egter aan die Skoolbestuur en Beheerliggaam duidelik geword dat dié toestelle 'n negatiewe impak het op die meerderheid van ons skool se leerders. Die negatiewe impak is verreikend en sluit o.a. in: die leerder se akademiese prestasie, geestesgesondheid, sosiale ontwikkeling en finansiële en kriminele implikasies (soos diefstal). Daarmee saam, is die stappe wat reeds geneem is om die gebruik van selfone te beperk, onvoldoende. Dit is die Skoolbestuur se oortuiging dat dit in die beste belang van die leerders is om die skool 'n selfoonvryesone te verklaar en die gebruik van die toestelle tydens skoolure op die skoolterrein te verbied.

**5. DOEL VAN DIE BELEID**

a) Om leerders se ontwikkeling op akademiese en sosiale vlakke te bevorder;

b) om 'n effektiewe leeromgewing te bevorder en ontwrigting te bekamp;

c) om 'n gesonde geestesomgewing te kweek en dissiplinêre aangeleenthede te verminder;

d) om duidelike reëls en riglyne vir personeellede, ouers/voogde en leerders uiteen te sit rondom die teenwoordigheid en gebruik van selfone tydens skoolure op die skoolterrein; en

e) om ‘n prosedure vir die konfiskering, berging en terughandiging van leerders se selfone uiteen te sit.

## 6. DEFINISIES EN AFKORTINGS

### 6.1 DEFINISIE

| No. | Term | Definisie |
|---|---|---|
| 6.1.1 | “die Gedragskode” | Die Gedragskode van die Hoër Tegnologiese Skool John Vorster |
| 6.1.2 | “die Skool” | Verwys na Die Hoër Tegnologiese Skool John Vorster |
| 6.1.3 | “die toestel” | Die selfoon en gepaardgaande elektroniese apparate wat in die leerder se besit gevind en gekonfiskeer is weens die onbehoorlike gebruik daarvan. |
| 6.1.4 | “die Wet” | Verwys na die SA Skolewet, Wet No.84 van 1996 - soos gewysig. |
| 6.1.5 | leerder | Enige persoon wat geregistreer is om onderrig by die skool te ontvang. |
| 6.1.6 | personeellid | ‘n Personeellid wat amptelik werksaam is by HTS John Vorster. |
| 6.1.7 | verantwoordelike administratiewe beampte | Die administratiewe beampte werksaam by HTS John Vorster wat vir die konfiskering, rekordering en berg van gekonfiskeerde selfone verantwoordelik is. |
| 6.1.8 | selfoon | ‘n Draagbare telefoon wat van ‘n sellulêre radionetwerk gebruik maak, asook gepaardgaande elektroniese apparate insluitend (maar nie beperk) tot oorfone en laaiers. |

### 6.2 AFKORTINGS

| No. | Afkorting | Verduideliking |
|---|---|---|
| 6.2.1 | SAPD | Verwys na die Suid-Afrikaanse Polisiediens |

## 7. TOEPASSING EN OMVANG VAN DIE BELEID

a. Die Selfoonbeleid is van toepassing op alle ouer/voogde van leerders, die leerders self en personeellede werksaam by die Skool.

## 8. WETGEWENDE RAAMWERK

a. Grondwet van Suid-Afrika, 1996

b. Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet No. 84 van 1996 soos gewysig)

c. Nasionale Onderwysbeleidwet 1996, (Wet No. 27 van 1996)

d. Gauteng Skoolonderwyswet, 1995 (Wet No. 6 van 1995 soos gewysig)

## 9. RELEVANTE BELEIDE EN PROVINSIALE OMSENDBRIEWE

Geen

## 10. RELEVANTE INTERNE BELEIDE EN OMSENDBRIEWE

10.1 Gedragskode van Die Hoër Tegnologiese Skool John Vorster
10.2 Ouerbrief 9 van 2024

## 11. BELEIDSVERKLARINGS

A. SLEUTELOORWEGINGS OM 'N BELEID TE ONTWIKKEL

Die navorsing wat aanduiding gee tot die negatiewe impak van selfone op leerders:

a) Die wêreldwye konsensus dat leerders se akademiese vordering negatief beïnvloed word deur die teenwoordigheid van selfone in skole.
b) Die besondere negatiewe impak van selfone op die akademiese vordering van gemiddelde en ondergemiddelde presteerders.
c) Die verbeterde akademiese prestasie van leerders in skole waar die verbod op selfone toegepas is - veral in Wiskunde en Wetenskap.
d) Die ontwrigtende impak van selfone in die klaskamer en gevolglike verlies van kosbare akademiese tyd.
e) Die beperking van die gebruik van selfone vir akademiese doeleindes en die oneffektiwiteit van daardie maatreëls.
f) Die afleiding en ontwrigting wat die teenwoordigheid van 'n selfoon bied - al is dit afgeskakel en in die leerder se skooltas weggebêre.
g) Die voorvalle van dissiplinêre aangeleenthede by die skool gedurende 2024 en die verbintenis daarvan tot die gebruik van selfone gedurende skoolure.

B. TEENWOORDIGHEID VAN SELFONE OP DIE SKOOLTERREIN

a) Die Hoër Tegnologiese Skool John Vorster is ‘n **selfoonvryesone** vir die volle duur van die akademiese skooldag (soos gestipuleer in 5.3.1 van die Gedragskode), insluitend pouses en tydens wisseling tussen periodes.

b) Geen leerder mag ‘n selfoon op die skoolterrein bring nie en daar word aangeneem dat geen leerder ‘n selfoon in sy/haar besit het nie.

c) Waar die leerder weens noodsaaklikheid ‘n selfoon in sy besit het, moet die selfoon ten alle tye afgeskakel wees en buite sig wees voordat hy/sy die skoolterrein betree en mag eers weer waarneembaar wees en gebruik word nadat hy/sy die skoolterrein verlaat het.

d) Geen personeellid mag sonder geldige rede sy/haar selfoon gedurende kontak-/onderrigperiodes gebruik nie. Minagting van hierdie klousule kan lei tot dissiplinêre aksies.

C. AANSPREEKLIKHEID

a) Indien die leerder die skoolterrein betree met ‘n selfoon in sy/haar besit, onderneem die ouer/voog en leerder dit op eie risiko en sal die skool geensins aanspreeklik gehou word vir enige skade of verlies nie.

b) Waar die ouer/voog en leerder skade of verlies ly, sal daar nie van die skool verwag word om bystand te lewer in dié verband nie; tensy die versoek gerig word deur ‘n wetstoepassingsagentskap soos die SAPD.

c) Die ouer/voog en leerder aanvaar gesamentlike en gedeelde aanspreeklikheid vir enige skade of verlies wat deur die leerder aan ‘n ander leerder of personeellid veroorsaak word weens die gebruik van ‘n selfoon gedurende die akademiese skooldag.

d) Die Skool word gevrywaar vir enige skade of verlies wat gelei word deur ‘n ouer/voog, leerder en personeellid weens die minagting van dié Beleid; enige sulke skade sal beding word tussen die betrokke individue.

e) Waar ’n situasie/wetlike oortreding as gevolg van selfoongebruik/-misbruik enige tyd binne of buite die skoolterrein plaasvind, of waar leerders of personeel van die skool, persoonlik, negatief geraak word, moet die betrokke saak deur die ouer self by die SAPD aangemeld word.

f) Die leerder se ouer/voog onderneem om hulle verantwoordelikheid na te kom ten opsigte van die skool se Gedragskode soos gestipuleer in paragraaf 6.1 (a) van die Wet:

***"(a) die skool sal ondersteun en van leerders sal vereis om alle skoolreëls en - regulasies na te kom en verantwoordelikheid te aanvaar van enige wangedrag aan hulle kant..."***

D. GRONDE VIR KONFISKERING

a) Waar die selfoon enigsins waarneembaar is, word dit summier gekonfiskeer.

b) Die leerder se selfoon sal ook gekonfiskeer word waar daar 'n redelike vermoede is dat die selfoon in gebruik is of was, bv. waar die leerder van oorfone gebruik maak of 'n ouer/voog self kontak om hom/haar uit te teken by die skool.

c) Geen leerder se persoon of skooltas sal deursoek word om vas te stel of hy/sy 'n selfoon in sy/haar besit het nie.

d) Geen personeellid mag toestemming verleen aan 'n leerder om sy/haar selfoon gedurende skoolure op die skoolterrein te gebruik nie.

e) Enige personeellid mag 'n selfoon konfiskeer indien dit waarneembaar is, of daar 'n redelike vermoede is dat die selfoon in gebruik is/was.

f) Personeel is *verplig* om 'n selfoon te konfiskeer indien dit waarneembaar is, of daar 'n redelike vermoede is dat die selfoon in gebruik is/was. Minagting van die klousule sal beskou word as 'n versuiming van pligte en lei tot 'n skriftelike waarskuwing.

E. KONFISKERING VAN SELFONE

a) Wanneer 'n leerder se selfoon konfiskeer word, sal die leerder vrywilliglik die selfoon oorhandig aan die betrokke personeellid. Versuim om die toestel aan die betrokke personeellid te oorhandig, sal lei tot tydelike skorsing totdat 'n dissiplinêre gesprek in dié verband gereël kan word.

b) Geen sim-kaart, geheuekaart, oorfone of enige ander gepaardgaande elektroniese apparaat sal ontkoppel word nie. Die toestel sal in sy totaliteit konfiskeer word.

c) Die toestel sal deur die betrokke personeellid in 'n ritssakkie ('zipsakkie') geplaas word.

d) Die plakker op die ritssakkie sal deur die personeellid voltooi word met die volgende inligting daarop:

    a. die personeellid se voorletters en van;

   b. die leerder se naam en van;
   c. die leerder se graad en klas; en
   d. die datum waarop die apparaat gekonfiskeer is

e) Die oortreding sal dan as volg op D6 rekordeer word:
   a. waar die toestel deur 'n opvoeder gedurende klastyd gekonfiskeer is, sal die betrokke opvoeder die oortreding rekordeer;
   b. waar die toestel voor skool, pouse of tydens wisseling konfiskeer is, sal die oortreding deur die verantwoordelike administratiewe beampte in die Algemene Kantoor rekordeer word;
   c. indien gekonfiskeer deur 'n personeellid wat nie 'n opvoeder is nie, sal die verantwoordelike administratiewe beampte in die Algemene Kantoor die oortreding rekordeer.

f) Die toestel word dan na die verantwoordelike administratiewe beampte geneem waar dit later uitgeteken kan word.

g) Die administratiewe beampte sal dan die toestel in die selfoonregister rekordeer en die toestel in die brandkluis vir veilige berging plaas.

h) Die leerder sal aan die einde van die skooldag die selfoonbewysstrokie by die verantwoordelike administratiewe beampte ontvang - as bewys dat die selfoon konfiskeer is.

i) Die selfoonbewysstrokie sal die volgende inligting vervat:
   a. 'n unieke nommer gekoppel aan die inskrywing;
   b. die leerder se naam en van;
   c. die leerder se toelatingsnommer;
   d. datum van inhandiging (deur die betrokke personeellid); en
   e. datum van terughandiging (waarop die apparaat uitgeteken kan word)

j) Die toestel mag slegs uitgeteken word ***nadat***:
   a. 5 (VYF) werkdae verloop het; die dag waarop die toestel konfiskeer is, sal tel as dag 1 en die toestel sal uitgeteken kan word op dag 6;
   b. die R200-00 boete by die finansiële kantoor betaal is en die betaalbewys voorsien kan word aan die verantwoordelike administratiewe beampte; en

c. die toestel uitgeteken word deur 'n ouer/voog wat op D6 geregistreer is.

## F. GRONDE VIR BESWARE

a) Daar is 'n weerlegbare vermoede dat geen leerder 'n selfoon in sy/haar besit het op die skoolterrein nie.

b) Daar is 'n weerlegbare vermoede dat die leerder se selfoon konfiskeer is deur die betrokke personeellid omrede dit waarneembaar was, of daar 'n redelike vermoede bestaan het dat die selfoon in gebruik is/was.

c) Indien die ouer/voog of leerder beswaar wil aanteken teen die konfiskering van die leerder se selfoon, sal die onus op die leerder rus om die vermoede te weerlê.

d) 'n Beswaar sal slegs ondersoek word indien daar redelike vermoede is dat:

   a. die leerder se persoon of skooltas deursoek is; en

   b. 'n personeellid toestemming verleen het aan die leerder om gebruik te maak van sy/haar selfoon.

## G. AANTEKEN VAN BESWARE

Indien 'n ouer/voog of leerder beswaar wil aanteken teen die konfiskering van die leerder se selfoon, sal die volgende proses gevolg word:

a) Die leerder moet aanmeld by die verantwoordelike administratiewe beampte in die algemene kantoor.
b) Die leerder moet dan 'n insidentverslag in sy/haar handskrif voltooi.
c) Die verantwoordelike administratiewe beampte sal twee ander leerders in die betrokke klaskamer as getuies roep.
d) Indien die getuies die betrokke leerder se getuienis bevestig, sal verdere ondersoek ingestel word; waar teenstrydige getuienisse gelewer word, sal geen verdere ondersoek ingestel word nie.
e) Die insidentverslag en dié van die getuies, sal dan na die Hoof vir verdere oorweging geneem word.
f) Slegs die Hoof beskik oor die nodige outoriteit om 'n leerder se selfoon terug te handig.
g) Gegewe die beskikbaarheid van werkslading van die Hoof, kan besware tot en met 5 (VYF) werksdae neem vir 'n beslissing.

H. ALTERNATIEWE

a) Waar kommunikasie tussen 'n ouer en leerder noodsaaklik is, kan daar gebruik gemaak word van die Algemene Kantoor waar die leerder sy/haar ouer kan skakel of die ouer 'n boodskap vir die leerder kan laat.
b) Indien die leerder siek is, moet hy/sy by die Algemene Kantoor aanmeld soos gestipuleer in 5.5 van die Gedragskode.
c) Organiseerders/afrigters van naskoolse aktiwiteite sal ouers per Whatsapp of D6 in kennis stel indien aktiwiteite gekanselleer word.
d) Geen selfoon mag gebruik word vir betalings by die snoepwinkel nie en rus die verantwoordelikheid dus op die leerder en sy ouer/voog vir alternatiewe betaalmetodes, soos kontant of 'n debietkaart.

## 12. KORT TITEL

Hierdie beleid sal as die **Selfoonbeleid van HTS John Vorster** bekend staan.

## 13. GOEDKEURING:

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Aanbeveel deur:** (Hoof) | A Dowd | **Handtekening** | Dowd |
| **Datum:** | 13 Januarie 2025. | | |